Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

20 JANUARIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**
Lig wat seën
Matteus 5:3-12

**GESINSDIENS**
Lig op wie God is
Lukas 15:11-32

**JEUGDIENS**
Lig wat seën
Matteus 5:3-12.

**DEURKOLLEKTE**
Jeugwerk
(Sinodale kollekte)

## EREDIENSTE

| | | | 20 Januarie | | 27 Januarie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Duvenhage | 1 | Ds. Potgieter | 2 |
| 9:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Breytenbach | 6 | Ds. Visagie | 7 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Philipp Dietmann | - |
| 09:00 | Jeuglokaal | Blokdiens | Kleuters + ouers | - | Geen diens | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Ds. Visagie | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Breytenbach | - | Ds. Potgieter | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Duvenhage | 11 | Ds. Duvenhage | 12 |

## BEROEPING: JEUGLERAAR

Die kerkraad het 28 aansoeke vir die vakature ontvangs, waaruit 'n kortlys van ses saamgestel is. Onderhoude word op 21 en 22 Januarie met dié ses kandidate gevoer. Ons doen 'n beroep op lidmate om asseblief voorbidding vir die proses te doen.

## KATEGESE-REGISTRASIE

Daar is vandag en op 27 Jan. geleentheid vir registrasie. Voorskools tot graad 7 kan om 10:00 by die saalkompleks en graad 8 tot 11 kan na die jeugdiens in hulle graadgroepe registreer. Jaargelde is R140 per kind en kan elektronies oorbetaal word na: Stellenberg Jeug, ABSA, spaarrekening 928 759 2857, takkode 632005.

## NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddiens by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Begin om 10:00. Daar sal steeds geleenheid vir registrasie wees.
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kleingroepe direk daarna. Daar sal weer geleentheid vir registrasie wees.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is baie welkom. Kontak Heleen by 084 563 0122 met enige navrae.
- DATUM VIR BELYDENISAFLEGGING: 3 Maart. Kontak die jeugkantoor by sunet@stellenberg.co.za vir die nodige aansoekvorms.
- JEUG-TOEP: Gaan na die Google Play Store of Apple Store en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.
- DELFT-UITREIK: Begin Donderdag 17 Januarie direk na skool om 14:30.

## VATVYF

### Maandag 28 Januarie

Die pianis, Rocco de Villiers en die violis, Lizelle le Roux, tree op Maandag 28 Januarie 2019 om **14:00** by D'Aria, Durbanville op. **Neem asb. kennis dat die tyd van die uitvoering 14:00** is en dat die toegangskaartjie ook verversings insluit.

Besprekings het ongelukkig reeds gesluit.

### Woensdag 6 Februarie

Kom geniet 'n heerlike vrugtefees op Woensdag 6 Februarie om 10:00. Ons skop die jaar af met 'n gesellige saamkuiergeleentheid. Senior lidmate wat nuut by die gemeente ingeskakel het, is baie welkom om die geleentheid by te woon. Plek: saalkompleks. Bespreek voor Vrydag 1 Feb. by Karin Barter 021 976 4519. Koste: gratis.

### KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2-3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5-6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## BYBELSKOOL

Die Evangelies is ons primêre bron van inligting oor Jesus. Tydens die Bybelskool-kursus sal ons die Evangelies afsonderlik bestudeer en die spesifieke boodskap wat dit vir ons tyd inhou, ontdek. Ons sal van die direkte vertaling, waarvan die proef (Evangelies en Psalms) reeds verskyn het, gebruik maak. Kursusgangers sal elkeen 'n kopie van die proefvertaling waaruit ons saam sal werk, ontvang. Die ses-weke-kursus begin Maandag 4 Februarie. Koste: R50 per persoon, betaalbaar by die kursus.
Datums: 4, 11, 18, 25 Februarie en 4 en 11 Maart
Besprekings: Karin Barter, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519

## JAAR- EN KWARTAALTEMA 2019

**Ons jaartema vir 2019: Ons luister**

Na Kersfees breek die Epifanietyd, of die "fees van die lig" soos dit ook genoem word, in die kerklike jaar aan. Dan volg ons Jesus se reis van sy eerste optrede tot Hy in Jerusalem aan die kruis sterf. Jesus se woorde en dade het oral LIG gebring (mense tot insig gebring). Dit het mense anders na hulle lewens laat kyk. In die eerste kwartaal gaan ons tydens die eredienste stilstaan by watter LIG/INSIG die Here in dié tyd in ons lewens en die wêreld bring as ons Hom hoor en luister na sy stem.

Ons tema vir die eerste kwartaal: **LIG wat LEWE bring.**

## WITOLIFANTTAFEL— BASAAR 2019

Bring asseblief bydraes vir die witolifanttafel. Begin die nuwe jaar met netjiese kaste en raak ontslae van alles wat in onbruik verval het. Kombuisware, boeke, gereedskap, speelgoed, beddegoed, gordyne, sporttoerusting, ens. is baie welkom. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

## TIENDEMAANDINSAMELING

Ons tiendemaandinsameling duur tot einde Februarie 2019. Ons mikpunt is R1,75 mijoen en die insameling staan tans op R 1 310 846. Neem 'n spekboom in ruil vir jou tiendemaandbydrae.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 24 Januarie om 15:00 en 15:45

1 Johannes 1:5–2:2

Die effek van die Lig . . .

### HUISBYEENKOMS

Sondag 27 Januarie 18:00

Psalm 36:Die Here is totaal anders . . .

### MET LEEDWESE

Bernie van Wyk, terreinwerker, het in Desember 2018 sy vrou, Iris, na 'n lang siekbed aan die dood afgestaan. Ons opregte medelye met Bernie en sy gesin met dié groot verlies.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Andriesa Maria (Anita) Ochse, gebore 11/03/1929 en oorlede op 10/01/2019. Anita en haar oorlede man, Pieter, was sedert 1982 lidmate van die gemeente. Hulle het eers in Heuwelkruin gewoon en Anita die laaste 18 jaar in Edelweiss. Haar roudiens was op 18 Januarie in Edelweiss. Ons opregte mee-gevoel met haar kinders, Charles Ochse en Anchen Pienaar, asook hulle gades,ook lidmate van die gemeente, wat sy agterlaat.

## RAAK BETROKKE . . .

Ons benodig die volgende vrywillige helpers:

- **Erediensweerkers**: Ons benodig helpers by alle eredienste. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om jou hulp aan te bied.
- **Kleingroepleiers vir kategese:** Raak by jou kind se leef-wêreld en portuurgroep betrokke deur as kleingroepleier aan te meld. Kontak Sunet by sunet@stellenberg.co.za.
- **Kafeteria:** Diensspanne is ongeveer twee keer per kwartaal vanaf 09:30 tot 11:00 aan diens. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak Lindy, lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Teetuin:** Gratis tee en koffie word op 'n selfhelpbasis bedien, maar geen eetgoed nie. Kontak Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om hulp aan te bied.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om op aflosbasis behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE

Bestuurder: Administrasie (Permanente kontrak, 08:00 tot 15:00, Maandag tot Vrydag). Die persoon is oorhoofs verantwoordelik vir die bestuur van die gemeente se personeel en fasiliteite.
Vereiste: Bewese bestuurservaring. Aansoeke: 'n CV met drie verwysings moet per e-pos aan Marguerite Bester, marguerite@stellenberg.co.za, gestuur word.
Sluitingsdatum: 8 Februarie 2019.

### BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 4 Februarie om 09:30 in die markplein bymekaar.

### WOLSKENKINGS

Die breispan is reeds aan die brei vir die Junie-uitreike. Ondersteun hulle asb. deur wol te skenk. Met een bol wol kan hulle een serp of 'n mus brei. Bydraes kan by die kerk-kantoor afgegee word.

### KOSPROJEK

Die kos wat aan gesinne in nood voorsien word, word op Woensdag 30 Januarie verpak. Bydraes vir die kosprojek moet asb. voor of op 29 Januarie by die kerkkantoor afgegee word, of onder die trap in die voorportaal van die kerk geplaas word. Finansiële bydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA-tjekrekening, 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.